higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEBEDRYWIGHEDE
NKR VLAK 4

(11011074)

12 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

'n Sakrekenaar mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en DRIE bylaes van 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Toon al jou berekeninge.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Publikasies wat gebruik word om navorsing oor gebiede en plekke te doen:

A Televisie
B Mondelinge oorlewering
C Tydskrifte
D Radio

1.1.2 EEN voorbeeld van 'n spesiale toerkomponent is ...

A akkommodasie.
B promosie-items.
C vervoer.
D etes.

1.1.3 ... is 'n reisversekeringsmaatskappy.

A GSA
B SARB
C AIG
D ETD

1.1.4 'n Minimum lewertyd van ... word gewoonlik vir die meeste groeptoere vereis.

A een jaar
B ses maande
C een maand
D een week

1.1.5 Personeelsalarisse is 'n voorbeeld van ...

A Toeslagkoste (*markup costs*).
B kommissie.
C vaste koste.
D veranderlike koste.

(5 × 1) (5)

1.2 Bestudeer die reisplan op BYLAE A en beantwoord die vrae.

1.2.1 Is dit 'n algemene of 'n persoonlike reisplan? (1)

Kopiereg voorbehou


1.2.2	Gee redes vir jou antwoord op VRAAG 1.2.1.	(2)
1.2.3	Verduidelik die uitdrukking *opsionele aktiwiteite*.	(2)
1.2.4	Identifiseer TWEE opsionele aktiwiteite wat by die Victoria-waterval beskikbaar is.	(2)
1.2.5	Noem die TWEE verskillende tipes verblyf wat aan toeriste beskikbaar is.	(2)
1.2.6	Dui aan hoe lank hierdie toer gaan duur.	(2)
1.2.7	Bepaal die koste in randwaarde van die skilderagtige vlug oor die Okavango-delta aan die hand van die wisselkoerstabel op BYLAE D. Toon al jou berekeninge.	(5)
1.2.8	Noem VIER items wat by die toerprys ingesluit is.	(4)
1.2.9	Noem EEN item wat normaalweg van 'n toerprys uitgesluit word.	(1)
1.2.10	Identifiseer die reisagent wat hierdie toer na Botswana aanbied.	(2)
1.2.11	Dui aan hoeveel aandetes by die toer ingesluit is.	(2)
1.2.12	Verduidelik watter tipe toeris die reisagent in gedagte gehad het toe hy hierdie toer beplan het.	(2)
1.2.13	Gee redes vir jou antwoord op VRAAG 1.2.12.	(2)
1.2.14	Verduidelik DRIE items wat duidelik as algemene inligting bespreek moet word wanneer die reisplan aan die kliënt voorgehou word.	(6)
		(3 × 2)
		[40]

VRAAG 2

Mnr Bond nader jou by Pentravel in Pretoria om hom met besprekings vir sy wittebrood in Mauritius by te staan. Raadpleeg BYLAE B om die volgende vrae te beantwoord.

2.1 Verskaf die naam en die kode van die geldeenheid van die land wat mnr Bond wil besoek. (2)

2.2 Dit is belangrik dat toeriste moet weet watter weer hulle by hul bestemming kan verwag.



[Bron: *http://www.indian-ocean.com*]

2.2.1 Bestudeer die weerkaart hier bo en adviseer mnr Bond oor die beste TWEE maande waartydens hy Mauritius kan besoek. (2)

2.2.2 Gee redes vir jou antwoord op VRAAG 2.2.1. (2)

2.2.3 Dui aan waarom dit belangrik is om kliënte oor die verwagte weer in te lig. (2)

2.3 Die paartjie wil graag by 'n hotel met 'n spa aan die noordweskus van Mauritius tuisgaan.

2.3.1 Identifiseer die geskikste hotel vir hulle. (2)

2.3.2 Noem TWEE aktiwiteite by die hotel, wat in VRAAG 2.3.1 gekies is, waaraan die paartjie kan deelneem. (2)

2.4 Daar is 'n waarskuwing uitgestuur dat 'n vernietigende tsoenami op pad is na Mauritius.

2.4.1 Voltooi die volgende sin deur slegs die ontbrekende woorde langs die vraagnommer in jou ANTWOORDBOEK in te vul.

'n Tsoenami is 'n voorbeeld van 'n ... ramp en staan ook as 'n ... bekend. (2)

2.4.2 Verduidelik hoe jy die situasie sal hanteer. (4)

Kopiereg voorbehou

2.5 Bespreek kortliks die ekonomiese en omgewingsvoordele wat toerisme vir Mauritius se gemeenskap inhou. (4 + 4) (8)

2.6 Mnr Bond versoek jou om hom ook met reisversekering by te staan.

Kies 'n term uit die lys hier onder vir elkeen van die versekeringsbeskrywings wat gegee word en skryf dit langs die vraagnommer (2.6.1–2.6.7) in jou ANTWOORDBOEK neer.

verlorebagasieheffing; reisverkortingskoste; persoonlike ongeluk; mediese uitgawes; persoonlike aanspreeklikheid; kansellasiekoste; reisoponthoud; bybetaling; premie

2.6.1 Geld wat in geval van 'n onverwagse gesondheidstoestand, wat gedurende die vakansie opgedoen word, uitbetaal word.

2.6.2 Dit word betaal wanneer die kliënt reisreëlings wysig om 'n rede buite sy of haar beheer.

2.6.3 Dit word betaal wanneer 'n kliënt na die bestemming gereis het, maar vroeër as wat beplan is, moet terugkeer.

2.6.4 Dit word betaal wanneer die kliënt, terwyl hy of sy reis, in 'n situasie betrokke is waarin 'n derde party per ongeluk beseer is of skade aan 'n derde party se eiendom berokken is.

2.6.5 Dit is vergoeding omdat bagasie verlore geraak of beskadig geword het.

2.6.6 Dit word uitbetaal vir liggaamlike beserings wat tydens 'n reis weens geweld opgedoen is.

2.6.7 Dit is die bedrag vir reisversekering wat aan die versekeraar betaalbaar is.

(7 × 2) (14)
[40]

VRAAG 3

Om die regsaanspreeklikhede van partye wat by toere betrokke is, te verstaan, moet die bepalings en voorwaardes betreffende 'n reisagent, wat in BYLAE C uiteengesit word, aandagtig bestudeer word.

3.1 Identifiseer EEN aanspreeklikheid wat die kliënt volgens Thompson Tours het. (2)

3.2 Verduidelik die volgende terme wat in die dokument oor die bepalings en voorwaardes uiteengesit word:

3.2.1 Vlugherbevestiging

3.2.2 Onvoorsiene omstandighede (*force majeure*)

(2 × 3) (6)

3.3 Bespreek Thompson Tours se verantwoordelikheid kortliks wanneer hy 'n ooreenkoms met 'n kliënt aangaan. (2)

3.4 Onderskei tussen die volgende kontrakte:

3.4.1 Skriftelike kontrak

3.4.2 Geïmpliseerde kontrak

3.4.3 Verbale kontrak

(3 × 2) (6)

3.5 Phila het pas Toerisme V4 voltooi. Hy besluit op 'n oorbruggingsjaar en vertrek op 1 Januarie 2018 op reis na Europa en die Verre Ooste. Jy moet hom help met sy navrae oor buitelandse valuta.

Vul die ontbrekende inligting oor die geldeenhede in wat in die onderskeie lande gebruik word. Skryf net die antwoord langs die vraagnommer (3.5.1–3.5.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

LAND	GELDEENHEID	GELDEENHEIDKODE
3.5.1	**3.5.2**	GBP
Parys	Euro	**3.5.5**
Switserland	**3.5.3**	CHF
Thailand	**3.5.4**	THB

(5 × 1) (5)

3.6 Dui aan op watter dag Phila sy buitelandse valuta moet koop. (1)

3.7 3.7.1 Verduidelik die term *aanspreeklikheid*. (2)

3.7.2 Dui aan hoe aanspreeklikheid op Phila van toepassing is. (1)

3.8 Raadpleeg BYLAE D om elkeen van die volgende bedrae in die aangewese geldeenheid om te skakel.

3.8.1 R20 000 in GBP-reisigerstjeks

3.8.2 R25 000 in CHF-reisigerstjeks

3.8.3 R5 000 in THB-kontant

(3 × 3) (9)

3.9 Dui DRIE voordele aan wat uit die gebruik van 'n kontantkaart getrek kan word terwyl jy reis. (3 × 2) (6)

[40]

VRAAG 4

Jy is 'n konsultant by African Splendour Tours, 'n binnelandse reisagent.

4.1 Verduidelik die term *vaart* (*cruise*). (3)

4.2 Noem VYF riglyne wat jy sal oorweeg wanneer jy na die ideale reishotel soek. (5)

4.3 Jy het 'n toer na die Noord-Kaap gereël, maar weens drastiese skommelinge in die geldeenheid gaan die toer nou 'n verlies ly.

Stel 'n handleiding op oor maniere waarop geldeenheidskommelinge gehanteer kan word. (3)

4.4 Om 'n suksesvolle toer te beplan, word 'n lewertyd aanbeveel.

4.4.1 Verduidelik die term *lewertyd*. (2)

4.4.2 Noem VIER metodes waarvolgens groephotelruimte bespreek kan word. (4)

4.5 'n Spesiale reiskomponent word tydens 'n toer gereël om seker te maak dat die kliënte die reisagent vir toekomstige toere sal gebruik.

4.5.1. Noem VIER spesiale reiskomponente as bonus by 'n toer. (4)

4.5.2 Beskryf die funksie van elkeen van die VIER komponente, wat in VRAAG 4.5.1 genoem word, kortliks. (4)

4.6 Om die sukses van 'n toer te bepaal, moet terugvoering van kliënte en van die toergids verkry word.

4.6.1 Stel riglyne op wat gevolg kan word wanneer 'n vraelys vir terugvoering ontwerp word. (5)

4.6.2 Stel 'n lys van VYF belangrike vrae op wat jy by 'n vraelys sou insluit. (5 × 2) (10)

[40]

VRAAG 5

5.1 Identifiseer die metodes hier onder waarvolgens buitelandse valuta uit die land geneem mag word. Skryf net die antwoord langs die vraagnommer (5.1.2–5.1.3) in jou ANTWOORDBOEK neer.


5.1.1



5.1.2



5.1.3



(3 × 2) (6)

5.2 Verduidelik die volgende aan 'n kliënt wat graag tydens sy vakansie na Europa reisigerstjeks saam met hom wil neem.

5.2.1 Verduidelik wat nodig is om reisigerstjeks te kan koop. (4)

5.2.2 Beskryf die proses waarvolgens reisigerstjeks in kontant omgeskakel kan word. (5 × 2) (10)

5.3 Dekodeer elkeen van die volgende:

5.3.1 OOE

5.3.2 BVK

(2 × 1) (2)

5.4 Jy is die bestuurder van Going West Tours, 'n nuwe reisagentskap.

Verduidelik SES riglyne wat 'n nuwe konsultant moet volg om kliënte se behoeftes en voorkeure te identifiseer wanneer hy of sy geskikte dienste en produkte aanbied. (6 × 2) (12)

5.5 Onderskei tussen die volgende DRIE tipes toere deur 'n voorbeeld van elke toer te gee:

5.5.1 Vlug–vaart-toer

5.5.2 Avontuurtoer

5.5.3 Spesialebelangstellingstoer

(3 × 2) (6)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

BYLAE A

Reisplan

Dag 1: Johannesburg–Khama Rhino Sanctuary, Botswana

Ons begin die toer vanoggend reeds vroeg en reis noord na Botswana en die Khama Rhino Sanctuary. Ervaar die vele watergate en habitats van renosters, sebras en wildebeeste in die natuurreservaat voordat ons na die Okavango-delta reis.
Ingesluit: Toegangsgelde na die Khama Rhino Sanctuary en 'n wildsrit die middag
Oornag: Khama Rhino Sanctuary, twee slaapkamers met enkelbeddens in elke chalet, met 1 badkamer wat tussen 2 kamers gedeel word
WiFi is nie beskikbaar nie.
Afstand/tyd: 630 km, ongeveer 7½ uur, formaliteite by die grens en stoppe vir besigtigings en middagete hierby uitgesluit
Etes: Middagete, aandete

Dag 2: Maun, Botswana

Vandag reis ons deur die Kalahari op pad na die ingang na die Okavango Delta in Maun. Sedert die vestiging van Maun as die Batswana se hoofstad in 1915 verkry dit die reputasie as 'n geharde, Wilde Weste-streek, waar plaaslike beesboerdery en safaribedrywighede bevorder word. Maun se naam is afkomstig van die woord *maung* wat in San 'die plek van die kort riete' beteken. Aandete is vanaand vir jou eie koste.
Ingesluit: NVT
Oornag: Rivernest Cottages, gedeelde slaapkamers met enkelbeddens en badkamergeriewe, 'n swembad, kroeg, restaurant en telefoon
WiFi is nie beskikbaar nie.
Afstand/tyd: 450 km, ongeveer 6½ uur, stoppe vir besigtiging uitgesluit
Opsionele aktiwiteite: Skilderagtige vlugte oor die Okavango-delta (VSD120 p.p., afhangende van die aantal mense in elke vliegtuig)
Etes: Ontbyt, middagete

Dag 3–4: Okavango-delta, Botswana

Maak jou gereed vir 'n unieke ervaring. Julle gaan in *mokoro's* klim wat julle na jul tentkampe in die hartjie van die delta gaan roei. Hierdie ongelooflike streek bevat 'n enorme bevolking rooi basterwaterbokke, buffels, olifante en voëllewe (veral visvangers). Ontspan in jou *mokoro* terwyl jy deur die welige biesies en reusegroot waterlelies gestuur word. Kyk of jy van die interessante natuurlewe kan raaksien terwyl jy gladweg oor die stil water gly.
Ingesluit: Toegangsgelde na die Okavango-delta, natuurlewestaptogte in die oggend en middag saam met plaaslike gidse
Oornag: 2 nagte in die Okavango-delta in tente in die wildernis. Die tente het elkeen twee enkelbeddens met linne. Daar is 'n aangrensende chemiese toilet en emmerstort met warm water wat spesiaal op die vuur warmgemaak

Kopiereg voorbehou

word. Die tente het almal muskietnette. Om in die wildernis op hierdie manier uit te kamp, kan 'n unieke belewenis wees, maar onthou asseblief dat ons net ons voetspore wil agterlaat.

WiFi is nie beskikbaar nie.

Afstand/tyd: 2 uur met viertrekvoertuie na die Delta, retoer

Etes: Ontbyt x 2, middagete x 2, aandete x 2

Dag 5–8: Moremi-natuurreservaat, Botswana

Ons klim vandag op 'n oop viertrek-safarivoertuig en ry na die Moremi-natuurreservaat vir 'n skouspelagtige wildsbesigtigingsrit. Chief's Island is die grootste landmassa in Moremi en dit was in 'n stadium die Batswana-stam se jagveld met die oorvloedigste natuurlewe voordat dit tot natuurreservaat deur die stam self verklaar is. Ons wy nog vier dae aan wildsritte in die reservaat en besigtig die oorvloedige natuurlewe daar. Dit sluit olifante, seekoeie, buffels, leeus en vele meer in. Ons ry in die Moremi-natuurreservaat asook in reservate in private besit, wat om die reservaat geleë is, rond. Ons vertrek die middag van dag 8 na Maun, waar ons 'n aptytlike restaurantete, vir jou eie koste, geniet, gevolg deur 'n gemaklike nagrus.

Ingesluit: Toegangsgelde na die Moremi-natuurreservaat, oggend- en middagwildsritte in oop viertrekvoertuie

Oornag: 3 nagte in die Hyena Pan Bushlodge, 'n eksklusiewe, private tentboskamp wat aan die Moremi-natuurreservaat grens. Permanente tente wat gedeel word, met twee enkelbeddens en badkamergeriewe, 'n swembad, kroeg, restaurant en telefoon

1 nag in Rivernest Cottages, gedeelde slaapkamers met enkelbeddens en badkamergeriewe, 'n swembad, kroeg, restaurant en telefoon

WiFi is nie beskikbaar nie.

Afstand/tyd: 150 km, ongeveer 4 uur, wildsritte en stoppe vir natuurlewebesigtigings uitgesluit (Maun–Boskamp)

Opsionele aktiwiteite: Skilderagtige vlugte oor die Okavango-delta (± USD95–120 p.p., afhangende van die aantal mense in elke vliegtuig)

Etes: Ontbyt x 4, middagete x 4, aandete x 3

Dag 9: Makgadikgadi-panne, Botswana

Vandag het ons tyd vir 'n opsionele natuurlewevlug oor die Okavango-delta voordat ons na Nata toe vertrek. Dit lyk of die glinsterende soutpanne van die Makgadikgadi eindelose wit vlaktes is. Wanneer dit reën, vind enorme veranderinge daar plaas aangesien duisende wildebeeste en sebras dan optrek na die sappige grasland en swerms flaminke hulle versadig vreet aan die oorvloedige alge wat in die water voorkom. Die reënval is gewoonlik laag in hierdie streek, dus kom hierdie natuurleweskouspel net'n kort tydjie lank voor.

Ingesluit: Toegangsgelde na die Makgadikgadi-panne

Oornag: Nata Lodge – gedeelde luuksetente, met twee enkelbeddens en badkamergeriewe, 'n swembad, kroeg, restaurant en telefoon (of Pelican Lodge – chalets met badkamergeriewe)

WiFi is nie beskikbaar nie.

Afstand/tyd: 320 km, ongeveer 3½ uur, stoppe vir besigtigings uitgesluit

Etes: Ontbyt, middagete

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

Dag 10 en 11: Nasionale Chobe-wildtuin, Botswana

Die Chobe-rivier is 'n beeldskone baken in Botswana en dit is die middelpunt van ons aandag tydens ons verblyf in die wildtuin. Die Chobe-rivier vloei rustig al langs die noordelike grens van die Chobe National Park en lok van die grootste olifanttroppe in Afrika. Ons vertrek vroegoggend op 'n viertrekvoertuig-wildsrit in die wildtuin en klim dan op 'n boot vir 'n sonsondergangvaart terwyl ons vreedsaam die diere besigtig wat op die rivieroewers loop op soek na water. Aandete is vanaand vir jou eie koste.

Ingesluit: Toegangsgelde na die Nasionale Chobe-wildtuin, oggendwildsrit (dag 11), bootvaart met sonsondergang (dag 11)

Oornag: Thebe-rivier-safari's – chalets met enkelbeddens en badkamergeriewe, 'n swembad, kroeg, restaurant, telefoon

WiFi is nie beskikbaar nie.

Afstand/tyd: 300 km, ongeveer 4 uur, stoppe vir besigtigings plus een 3 uur lange wildsrit uitgesluit

Opsionele aktiwiteite: Middagwildsrit in 'n oop viertrekvoertuig (dag 10)

Etes: Ontbyt, middagete

Dag 12 en 13: Victoria-waterval, Zimbabwe

Ons lê besoek af aan die Victoria-waterval (Victoria Falls) wat plaaslik as die *Mosi-oa-Tunya* bekendstaan en 'die donderende rook' beteken. Hierdie magtige waterval is een van die sewe natuurwonders van die wêreld. In 1900 gee Cecil John Rhodes opdrag dat die Victoria-watervalbrug opgerig word en dit was teen 1905 heeltemal klaar. Ongelukkig het Rhodes nie lank genoeg gelewe om die voltooide brug te sien nie. Die brug strek oor die hele waterval en het nou bekendheid verwerf vir die adrenaliengevulde brugspronge wat vanaf 'n duiselingwekkende hoogte van 111 meter gedoen word. As jy dit wil waag om die magtige Zambezi-rivier se bruisende water met witwaterry (*white-water rafting*) aan te pak, om die dood met 'n brugsprong in die oë te staar, of om aan 'n 'vlug van die engele' deel te neem, sal jy dit op eie koste moet doen.

Ingesluit: Toegangsgelde om die Victoria-waterval te besigtig

Oornag: Rainbow Hotel, kamers met enkelbeddens en badkamergeriewe, 'n swembad, restaurant, kroeg en telefoon

WiFi is nie beskikbaar nie.

Afstand/tyd: 70 km, ongeveer 1 uur, formaliteite by die grens uitgesluit

Opsionele aktiwiteite: Witwaterry, sonsondergangvaarte, skilderagtige vlugte en nog baie meer

Etes: Ontbyt x 2

Dag 14: Victoria-waterval, Zimbabwe

Vandag loop ons toer ten einde, ná ontbyt die oggend.

Akkommodasie: NVT

Etes: Ontbyt

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

Ingesluit

- 14 nagte in jaghuisies (*lodges*), tente of chalets
- Toegangsgelde
- Vervoer in 'n minibus/safarivoertuig en viertrekvoertuig
- Etes, soos volgens die reisplan
- Professionele gids
- Okavango-delta-uitstappie en Moremi-uitstappie in 'n viertrekvoertuig

Bron: *https://www.africanoverlandtours.com/tour/botswana-wild-explorer/*

NCV

BYLAE B

9 PRAGTIGE HOTELLE IN MAURITIUS BESKIKBAAR



MAURICIA BEACHCOMBER
MAURITIUS 4
INLIGTING VIND ONS

233 kamers en woonstelle – 3 wittebroodskamers met toegang tot 'n swembad op die dak – 1 villa met 'n private swembad – 3 restaurante aan die beskermde noordweskus van Mauritius – 'n welstandsentrum – allesinsluitende opsie – *PADI*-gesertifiseerde duiksentrum – 'n wye verskeidenheid land- en watersportbedrywighede – gratis kinderklub

VANAF
~~EUR 222.00~~ EUR 155.40
Vir 2 volwassenes per nag, belasting ingesluit
View Rooms & Rates



CANONNIER BEACHCOMBER
MAURITIUS 4
INLIGTING VIND ONS

286 kamers en suites – op 'n historiese, private skiereiland – 3 restaurante – 'n welstandsentrum tussen die baniaanbome – allesinsluitende opsie – *PADI*-gesertifiseerde duiksentrum – 'n wye verskeidenheid land- en watersportbedrywighede – gratis kinderklub

VANAF
~~EUR 220.00~~ EUR 154.00
Vir 2 volwassenes per nag, belasting ingesluit
View Rooms & Rates

Kopiereg voorbehou



VICTORIA BEACHCOMBER
MAURITIUS 4+

INLIGTING VIND ONS

254 kamers en suites – aan die beskermde noordweskus van Mauritius – 3 restaurante – 'n spa – allesinsluitende opsie – *PADI*-gesertifiseerde duiksentrum – 'n wye verskeidenheid land- en watersportbedrywighede – gratis kinderklub – gratis tienerklub

VANAF
~~EUR 260.00~~ EUR 182.00
Vir 2 volwassenes per nag, belasting ingesluit

View Rooms & Rates



SHANDRANI BEACHCOMBER
MAURITIUS 5

INLIGTING VIND ONS

327 kamers en suites – op 'n private skiereiland – 5 restaurante – allesinsluitende opsie – 'n Clarins-spa – 9-putjie-gholfbaan – *PADI*-gesertifiseerde duiksentrum – eksklusiewe ekotoerismeprogram – 'n wye verskeidenheid land- en watersportbedrywighede – gratis kinderklub

VANAF
~~EUR 300.00~~ EUR 210.00
Vir 2 volwassenes per nag, belasting ingesluit

View Rooms & Rates



PARADIS BEACHCOMBER
MAURITIUS 5+

INLIGTING VIND ONS

286 kamers en suites – 13 private strandvillas – op die indrukwekkende Le Morne-skiereiland – 4 restaurante – 'n spa – 18-putjie-gholfbaan binne stapafstand van u suite – toegang tot 3 verskillende gholfbane – *PADI*-gesertifiseerde duiksentrum – gratis kinderklub

VANAF
~~EUR 296.00~~ EUR 207.20
Vir 2 volwassenes per nag, belasting ingesluit

View Rooms & Rates

Bron:http://www.beachcomber-hotels.com/book/mauritius

Kopiereg voorbehou

BYLAE C

Bepalings en voorwaardes

Lees asseblief die volgende besprekingsvoorwaardes aandagtig deur aangesien dit die bepalings en voorwaardes van die kontrak tussen u en Thompsons Holidays uiteensit.

1) Besprekings

Buiten laat besprekings, soos hier onder vermeld word, word alle besprekings bevestig op voorwaarde dat 'n nieterugbetaalbare deposito van 'n minimum van 25% van die totale landprys, tesame met volle betaling ten opsigte van die vlugtarief, binne 72 uur vandat u besprekings bevestig is, aan Thompsons betaal word.
Let wel: DIE VERSUIM OM THOMPSONS BETYDS TE BETAAL, SAL DIE OUTOMATIESE KANSELLASIE VAN U BESPREKING TOT GEVOLG HÊ.

3) Prysveranderinge

Die koste wat aan reisreëlings verbonde is, is nie altyd bestendig nie en geldeenheidbewegings kan skerp fluktueer. Dit is onmoontlik om hierdie bewegings vooruit te voorspel. Wanneer u 'n pakket deur ons bespreek, behou ons die reg voor om enige bykomende koste aan u deur te gee.
e) Thompsons waarborg die prys van landreëlings, maar eers wanneer volle betaling ontvang is.

7) Vlugherbevestiging

U is self daarvoor verantwoordelik om te verseker dat u die vertrekdatum en -tye van al u vlugte minstens 72 uur voor u vertrek herbevestig. Dit is veral van belang vir opeenvolgende reise sodra u Suid-Afrika verlaat. Thompsons sluit hiermee spesifiek enige aanspreeklikheid uit vir enige oponthoud en/of verlies weens u versuim om enige vlug en/of aansluitingsvlug te herbevestig.

12) Ons reg om u reisreëlings te wysig

c) Thompsons wend alle pogings aan om by bevestigde reisplanne te hou. Ons behou egter die reg voor om u reisreëlings te wysig sodra dit nodig word om dit te doen.
d) Indien Thompsons enige reiskomponent bevestig het en hierdie komponent deur die verskaffer om watter rede ook al gekanselleer word, aanvaar Thompsons in sodanige gevalle geen aanspreeklikheid vir die kansellasie hiervan nie.

17) Onvoorsiene omstandighede (*force majeure*)

Behalwe waar dit uitdruklik anders in hierdie besprekingsvoorwaardes aangedui word, kan ons nie aanspreeklikheid aanvaar of enige vergoeding uitbetaal in gevalle waarin die uitvoering of stiptelike uitvoering van ons kontrakturele verpligtinge as gevolg van onvoorsiene omstandighede voorkom of geraak word of indien u enige skade of verlies as gevolg daarvan ly nie. In hierdie besprekingsvoorwaardes beteken "onvoorsiene omstandighede" enige gebeurtenis wat ons of die betrokke diensverskaffer nie kon voorsien of kon vermy het nie, selfs al is alle behoorlike sorg aan die dag gelê. Sodanige gebeurtenisse kan insluit oorlog of 'n dreigement van oorlog, onluste, burgerlike twis, terrorismebedrywighede of werklike bedreigende terrorismebedrywighede, nywerheidsgeskille, natuur- of kernrampe, ongunstige weerstoestande, brande en enige soortgelyke gebeurtenisse wat buite ons beheer is.

19) Verantwoordelikheid en beperkte aanspreeklikheid

Thompsons tree slegs as agente vir plaaslike en internasionale landtoeroperateurs en lugrederye op en aanvaar dienooreenkomstig geen aanspreeklikheid hoegenaamd vir enige verlies, skade, besering, ongeluk, oponthoud of enige ander onreëlmatige gebeurtenis, wat ook al mag ontstaan, nie. Thompsons wend alle pogings aan om te verseker dat al die reëlings en dienste wat met 'n passasier se reisplan verband hou, so effektief en doeltreffend moontlik uitgevoer sal word soos gespesifiseer is. Ons het egter geen direkte beheer oor die verskaffing van dienste deur verskaffers nie en, alhoewel hulle in elke geval sorgvuldig uitgekies word, aanvaar ons geen aanspreeklikheid vir hierdie verskaffers se foute of weglatings nie. Die kontrak wat sodanige verskaffers gebruik (wat dikwels die toestemming uitgereik deur die prinsipaal uitmaak) is die enigste kontrak tussen die verskaffer en die kliënt en enige reg op verhaling wat die kliënt kan hê, is alleenlik teen die verskaffer.

Bron: *http://www.thompsons.co.za/terms-and-conditions*
(geredigeer)

Kopiereg voorbehou

BYLAE D

Standard Bank

AANDUIDINGSLUITKOERSE VIR BUITELANDSE VALUTA OP 24 November 2016 soos op 16:00

Koerse vir bedrae van tot en met R200 000

Bokant van vorm**Eindkoersgeskiedenis vir datum:** 2016-11-24 16:08:27.0 Load

Onderkant van vorm

		Bankkoopkoers			Bankverkoopskoers	
Land	Lopend	T/O	Tjek	Buitelandse Note	Tjeks en T/O	Buitelandse Note
KWOTASIES OP GROND VAN RAND PER EENHEID BUITELANDSE VALUTA						
	GBP	17.3761	17.3356	17.2536	17.8574	17.9524
EURO		14.7522	14.7112	14.6277	15.1815	15.2115
VERENIGDE STATE DOLLAR	USD	13.9963	13.9333	13.9888	14.3138	14.3138
KWOTASIES OP GROND VAN BUITELANDSE VALUTA PER R1						
	CHF	.0748	.0750	.0858	.0683	.0673
CHINESE JOEAN	CNY	.5417		.5040	.4382	.4658
TSJEGGIESE KROON	CZK	1.9117	2.6226		1.6955	
DEENSE KROON	DKK	.5269	.5289	.5479	.4653	.4653
NAMIBIESE DOLLAR	NAD	1.0000		1.0000	1.0000	1.0000
NIGERIESE NAIRA	NGN	28.3596	23.8018		19.3577	
NOORWEEGSE KROON	NOK	.6364	.6386	.6484	.5760	.5760
NIEU-SEELANDSE DOLLAR	NZD	.1072	.1093	.1112	.0944	.0929
SINGAPOER-DOLLAR	SGD	.1078	.1082	.1163	.0940	.0940
SWAZILANDSE LILANGE	SZL	1.0000		1.0000	1.0000	1.0000
THAISE BAHT	THB	2.8095	2.6144	2.8815	2.2203	2.2233
TUNISIESE DINAR		.1626			.1614	
TURKSE LIRE	TRY	.2453			.2359	
TANZANIESE SJIELING	TZS	166.5237			140.7356	
UGANDESE SJIELING	UGX	286.9736			224.4656	
CFA FRANK	XAF				33.8971	

Kopiereg voorbehou